# HOOFSTUK 10

## HERSTELLENDE GEREGTIGHEID

### 10.1 Inleiding

"Restorative Justice" is 'n konsep wat die fokus meer vestig op die slagoffers van misdaad. Vir te lank was dit slegs die oortreders wat "behandeling" ontvang het om nie weer in misdaad te verval nie. Misdaad word wel deur oortreders gepleeg, maar baie ander mense word ook daardeur geraak. Susan Sharpe (DKD-Opleidingsmateriaal) sê dan tereg: "Crime involves mush more than breaking rules. Crime involves real actions that hurt real people with real and lasting consequences. A justice system bent on catching and punishing criminals has little to offer victims of the crime."

'n Oortreder, sy slagoffer en die gemeenskap vorm saam 'n eenheid. Misdaad veroorsaak 'n verhouding tussen die verskillende partye waar die slagoffer leed toegevoeg word. Daar word nie altyd rekening gehou met die "wond" wat veroorsaak word deur misdaad nie. Die oortreder word na skuldigbevinding gevangenis-toe gestuur, nie oor die wond wat hy die slagoffer toegedien het nie, maar omdat hy die wet oortree het. Van die kant van die Staat word daar nou nog 'n "wond" toegedien. Daar is dus nou twee "wonde" sonder enige herstel.

Die Staat moet verseker dat die oortreder verantwoordelikheid aanvaar vir sy dade. Die oortreder het immers die wet oortree en ander mense leed aangedoen. Herstellende geregtigheid beklemtoon hierdie feit, maar sê ook dat daar verskillende maniere is om verantwoordelikheid te besef. Saam moet daar gesoek word na maniere wat herstel kan bewerkstellig en nie na maniere wat verdere "wonde" sal veroorsaak nie.

Binne die regsplegingstelsel word misdadige gedrag gewoonlik hanteer deur van vergeldende geregtigheid gebruik te maak. Die hoeveelheid leed wat aangedoen is, moet met net soveel leed gestraf word, sodat geregtigheid kan geskied. Hierdie teorie staan bekend as die geregtigheids teorie (Rabie en Strauss, 1994 : 20). Na

skuldigbevinding word ’n oortreder gevonnis tot gevangenisstraf, korrektiewe toesig, ’n boete of ’n kombinasie van ’n boete en gevangenisstraf.

Korrektiewe Dienste het egter besluit om die konsep van Herstellende Geregtigheid (Restorative Justice) bekend te stel en ook as prioriteit daar te stel. Hierdie benadering is gebaseer op die feit dat misdaad ’n handeling teen die slagoffer en die gemeenskap is en dat oplossings gevind moet word vir die huidige tekortkominge in die regsplegingstelsel. Die bedoeling is glad nie om vergeldende geregtigheid te vervang nie, maar eerder om die geregtigheidsproses aan te help.

Baie Suid-Afrikaners is van mening dat die huidige regsplegingstelsel nog nie veel gevorder het van die dae toe algehele afsondering gebruik was om misdadigers te laat boet vir hul dade nie (Nexus, Desember 2001 : 10).

Vergeldende geregtigheid skep die indruk dat mense baie makliker vernietig as wat hulle bereid is om op te bou. Ons wil so gou straf, maar vergeet dat saam met die straf, of as deel van die straf moet daar ook opgebou word om uiteindelik herhaling te voorkom. Wright (1999 : 37) sê dat: “Punishment tells people what not to do, but not what to do. It can have undesirable and even counterproductive side-effects. It can only influence behaviour to a certain extent, under certain conditions and often only temporarily. Rewards for desirable behaviour are generally more effective than punishment for unwanted behaviour.”

Herstellende geregtigheid het dus ten doel om die oortreder, die slagoffer, die gemeenskap en die Staat te bevoordeel aangesien die daad wat gepleeg is vanuit die verskillende partye se oogpunte bespreek word en leed wat toegevoeg is, terug betaal word deur die party wat dit veroorsaak het.

Daar is baie gevangenes in aanhouding wat nie regtig daar hoort nie, maar straf word verwag vir die oortreding wat begaan is. In hierdie hoofstuk word verskeie programme behandel wat deurloop kan word deur oortreders van geringe misdade. Baie van hierdie programme kan buite die gevangenis deurloop word en daardeur kan baie oortreders hulle vonnisse buite die mure van ’n gevangenis uitdien terwyl rehabilitasie ook plaasvind.

Gewoonlik is dit die slagoffer wat die meeste ly en dit is die rede waarom Korrektikewe Dienste die slagoffers van misdaad wil betrek by die besluite wat geneem word ten opsigte van die persoon wat die lyding veroorsaak het. Die HAT

(Odendal, 1984 : 1002) omskryf ’n slagoffer as ’n persoon wat as gevolg van ’n ander se belange, hartstogte moet ly of wat deur iets getref word.

In die Nexus (Maart 2000 : 16) verskyn ’n artikel waarin die verhaal van ’n oortreder en slagoffer vertel word. ’n Seun van 14 jaar oud speel saam met sy vriende en hulle verplig hom om mee te doen aan huisbraak en diefstal anders sal hy uitgesluit word by sy vriende. Een middag breek hy by ’n huis in (terwyl in besit van ’n gesteelde vuurwapen) twee blokke vanwaar hy bly. In die huis loop hy hom vas teen ’n 13 jarige meisie. Hy rand haar aan en bind haar vas waarna hy goedere uit die huis steel. Die meisie was so erg aangerand dat sy haar bewussyn verloor het en vir weke in ’n koma was. Die seun is gevang, maar as gevolg van sy ouderdom is hy nie toegesluit nie. Hy is vrygelaat in die sorg van sy ouers. Die meisie is maande na die voorval steeds in en uit hospitale as gevolg van die beserings wat sy opgedoen het.

Die Suid-Afrikaanse regstelsel is net daarop uit om die oortreder te straf, terwyl die meisie, haar familie en die gemeenskap die enigste mense is wat werklik weet watter skade hulle aangedoen is. Die slagoffers het geen inspraak by die regsproses nie en die hoeveelheid leed wat die oortreder toegevoeg moet word, gaan deur die Staat bepaal word. Die ironie van die saak is dat die seun baie sleg voel oor dit wat hy gedoen het, maar nie die moed of selfvertroue het om te gaan praat met die slagoffer en/of haar familie nie. Die hof gee hom ook nie die geleentheid om reg te stel wat hy verbrou het nie.

Herstellende geregtigheid wil juis hierdie leemte aanspreek ten einde voorkomend op te tree en sodoende residivisme te bevorder. In die volgende afdelings word gekyk hoe die verskillende partye betrokke by misdaad, gesamentlik pogings kan aanwend om misdaad te voorkom en sinvolle rehabilitasie te bewerkstellig.

## 10.2 **Wat is herstellende geregtigheid?**

Gedurende 1974 het twee mans in Elmira, Kanada, ’n meningsverskil met die polisie gehad. Hulle was beide onder die invloed van sterk drank en het 22 huise/besighede geplunder. Beide die mans is in hegtenis geneem en die landdros het hul proefbeampte, Mark Yantzi gevra om ’n voorvonnisverslag te skryf en daarin aanbevelings te maak wat die landdros tot ’n geskikte vonnis kan help.

Mark Yantzi en ’n vrywilliger, Dave Worth, het die verslag saamgestel en een van hul aanbevelings was dat die twee oortreders die slagoffers moet ontmoet sodat hulle kan praat oor die misdaad wat gepleeg is. Mark en Dave was in die hof toe die landdros die saak vir ’n verdere drie weke uitgestel het, met die opdrag dat die twee beskuldigdes, saam met Mark en Dave al die slagoffers besoek en ’n verslag aan die hof voorlê oor die hoeveelheid leed wat hulle die slagoffers aangedoen het. Hierdie opspraakwekkende voorvonnisverslag was die begin van wat ons vandag onder die konsep “Restorative Justice” verstaan (DKD-Opleidingsmateriaal).
Die “herstel van wonde” is op die volgende grondslag gebaseer;

- die fokus is op die slagoffer wat leed aangedoen is,
- dit is deelnemend aangesien dit die slagoffer, die oortreder, die familie en die gemeenskap insluit,
- dit is ’n proses wat begin word deur te luister na wat die slagoffer, die oortreder en die gemeenskap te sê het,
- dit versterk die gemeenskaplike waardes van die slagoffer, die gemeenskap en die oortreder,
- dit veronderstel dat daar saam met die misdaad wat gepleeg is, ook verantwoordelikheid na vore sal kom, en
- dit skep ’n platvorm waar pogings aangewend kan word om dinge reg te stel.

Herstellende geregtigheid bied dus die kans om alle betrokke partye aan te hoor. ’n Kanadese regter, Bria Huculak, het die volgende oor herstellende geregtigheid gesê: “It is during the process of talking, feeling and listening that the space, for healing to start, is found.” (DKD-Opleidingsmateriaal).
Ness en Strong (2002 : 27) beskryf herstellende geregtigheid soos volg: “Restorative Justice focuses on the harmful effects of offender’s actions and actively involves victims and offenders in the process of reparation and rehabilitation.”
Vanuit ’n Korrektiewe oogpunt gesien, beteken herstellende geregtigheid die kans op verbetering, dialoog en verantwoording om sodoende versoening te bewerkstellig, groter gemeenskapsveiligheid te verseker en ook om beter herinskakeling in die gemeenskap te bevorder. Binne Korrektiewe Dienste word aanvaar dat herstellende

geregtigheid die volgende uitwerking op die regsplegingstelsel behoort te hê (DKD-Inligtingsdokument);

- om volle deelname en konsensus te bewerkstellig,
- die soeke na direkte verantwoording deur die oortreder,
- om dit wat gebreek is te herstel,
- om dit wat verdeel is weer te verenig, en
- om die gemeenskap te versterk ten einde verdere skade te voorkom.

Clear (2000 : 32) som herstellende geregtigheid in drie punte op. Eerstens word gesê dat misdaad konflik tussen individue is wat "beserings" tot gevolg het vir die slagoffer, die gemeenskap en die Staat. Tweedens met herstellende geregtigheid vrede in gemeenskappe bewerkstellig deur vereniging van die onderskeie partye en ook deur herstelling van die "beserings" wat opgedoen is. Laastens moet die regsplegingstelsel as agent optree om die deelname aan gesprekvoering deur die oortreder, slagoffer en die gemeenskap te fasiliteer ten einde oplossings te vind vir die aanvanklike konflik wat veroorsaak is.

Herstellende geregtigheid gaan sover terug as in die Bybel se tyd. In Miga 6 vers 8b staan geskrywe: "Hy vra van jou dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys en dat jy bedagsaam sal lewe." Ook in Lukas 19 verse 1-10 word die verhaal vertel van Saggeus, die hooftollenaar wat 'n ryk man was, maar ook baie skelm. In vers 5 het Jesus vir Saggeus gesê dat Hy by hom (Saggeus) gaan oornag en die skare het beswaar gemaak en gesê: "Hy gaan by 'n sondige man tuis:" (vers 7). Saggeus sê toe vir Jesus (vers 8): "Here, ek gaan die helfte van my goed vir die armes gee, en waar ek iets van iemand afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug." Jesus sê toe vir Saggeus (vers 9): "Vandag het hier redding oor hierdie huis gekom."

In Suid-Afrika kan die werk wat deur die Waarheids- en Versoeningskommissie gedoen is, as herstellende geregtigheid gesien word. Dit is juis Biskop Tutu wat tydens die bekendstelling van herstellende geregtigheid binne Korrektiewe Dienste (Nexus, Februarie 2002 : 11) gesê het dat ons moet glo dat die geharde misdadigers ook beter mense kan word deur konsepte soos herstellende geregtigheid. Biskop Tutu het gesê dat hierdie konsep beslis nie gesien moet word as; "being soft on

crime" nie. Herstellende geregtigheid sien die oortreder as 'n persoon wat gevoel het vir verantwoordelikheid en 'n gevoel het van skaamte en daarom moet so 'n persoon gehelp word om weer in te skakel in die gemeenskap, sonder om verwerp of geïgnoreer te word.

Dit is ook baie belangrik om te onthou dat herstellende geregtigheid geensins beteken dat 'n oortreder deur sy slagoffer of die gemeenskap vergewe word en hy nou skotvry afkom van die misdaad wat hy gepleeg het nie. Nee, die reg sal steeds sy gang gaan en die oortreder sal tot verantwoording geroep word vir die daad wat hy gepleeg het. Dit is wanneer hy sy "skuld" klaar betaal het wat die vergewing en aanpassing in die gemeenskap moet verseker dat hy nie weer in dieselfde dade verval nie.

Meneer Mike Batley sê in 'n artikel "Healing the effects of Crime" in die Nexus (Junie 2000 : 17) dat die betrokke partye die beste moet probeer maak van 'n onaangename ervaring wat ondervind is tydens misdaadpleging. Hy sê verder dat die herstelproses gewoonlik begin nadat vergewing plaasgevind het en daar 'n geleentheid vir kompensasie geskep is. Deur hierdie hele proses is dit belangrik om te onthou dat die slagoffer gehoor moet word. Die inset van die slagoffer is deurslaggewend vanaf die skuldigbevinding en vonnis tot by die besluit oor moontlike vrylating van die oortreder. Wanneer die hoeveelheid leed wat toegevoeg moet word, bepaal word, is daar niemand behalwe die slagoffer self of in die geval van moord, die naastestaandes wat die ware toedrag van sake beter kan beskryf nie.

Die regsplegingstelsel in Suid-Afrika is te geneig om vas te kyk teen realiteite wat wel by misdaadpleging aanwesig is, maar te vergeet dat hy met menslike wesens werk. Die oortreder, die slagoffer, die gemeenskap en die persone werksaam binne die regsplegingstelsel is almal mense met gevoelens. Elke individu binne hierdie misdaadsituasie moet dus in gedagte gehou word wanneer besluite geneem word wat elkeen van hulle raak. Minister Ben Skosana (DKD-Intranet) het op 24 November 2002 tydens die "Restorative Justice Week" verwys na woorde van Cathy Park: "In my journey I have over and over again caught myself searching outside in die world for freedom. Over and over again I have been disappointed. We need to go inside to become more conscious and, thereby, free. Whether it is imprisonment, retrenchment, illness, an unhappy relationship, dissatisfaction with our working life,

hijacking or death, sooner or later we are called to look inside ourselves to find the answers we seek."

Daar moet dus weg beweeg word van die situasie waar die fokus geplaas word op die verhouding tussen die oortreder en die Staat. Daar moet gefokus word op elke individu binne hierdie proses en eers dan kan 'n ingeligte besluit geneem word oor 'n gepaste vonnis en ook uiteindelik oor 'n gepaste parooldatum vir ontslag vanuit die gevangenis.

Herstellende geregtigheid bied baie meer as net terugbetaling aan die slagoffer, dit bied 'n kans vir die slagoffer om 'n inset te lewer by die regsplegingsproses. Binne vergeldende geregtigheid kan die oortreder maklik skuil agter die regstelsel, maar met herstellende geregtigheid moet hy die slagoffer ontmoet en sake uitpraat alvorens daar enige sprake kan wees van vergewing of herstel.

In die Rapport (26 Oktober 2003 : 3) het 'n berig verskyn oor die kaping en moord op die 20 jarige Ivonne Vince-Jillings. Me Lynn Vince-Jillings (Ivonne se moeder) sê dat sy haar seun se moordenaars wil vra: "Ek wil hom in die oë kyk en vra waarom hy hom geskiet het, om watter rede hy 'n jong man in die agterkop kon skiet." Indien die slagoffer en die oortreder nie bymekaar kan uitkom nie, sal hierdie vrae onbeantwoord bly en kan daar geen sprake van versoening wees nie.

## 10.3 Die rolspelers binne herstellende geregtigheid

Dit is reeds gesê dat daar baie meer partye betrokke is by misdaad as net die oortreder en die Staat. Dit is wel so dat die hof 'n persoon na skuldigbevinding gepastelik moet straf, maar die insette van verskeie ander partye kan die hoeveelheid straf help bepaal.

In reaksie op misdaad sal die volgende rolspelers beslis deel van die proses moet wees;

- die slagoffer,
- die oortreder,
- die gemeenskap,

- die Staat, nl. Korrektiewe Dienste, Justisie, Polisie en Maatskaplike Ontwikkeling,
- die fasiliteerder,
- die familie, en
- nie-regerings organisasies en vrywilligers.

Eerstens word gekyk na die rol wat die **slagoffer** kan speel by die vonnisoplegging van oortreders asook by die besluitneming oor hulle vrylating. Slagoffers is die mense wat direk leed aangedoen is, of in die geval van moord, die naasbestaandes/familie van die persoon wat vermoor is.

Artikel 73 tot 80 van die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998) en Artikel 299A van die Strafproseswet (wet 51 van 1977) reël die wetlike aspekte rondom slagofferbetrokkenheid binne die regsplegingstelsel.

Die internasionale neiging is om meer erkenning te gee aan slagoffers van misdaad en in Suid-Afrika word dit gedoen deur die regering se "slagoffer bemagtigingsstrategie".

Slagoffers is mense en daarom moet die slagoffers se regte as menseregte beskou word. Hulle moet hulle waardigheid terug kry en deur deel te neem aan die regsproses kry hulle tot 'n mate die gevoel dat hulle insette gehelp het by die besluitnemingsproses en sodoende word daar meer vertroue geskep by die publiek ten opsigte van die regsproses in Suid-Afrika. 'n Ander baie belangrike aspek is slagoffer-ondersteuning. Deur emosionele, fisiese en praktiese ondersteuning te bied aan die slagoffer word daar ook meer stukrag gegee aan die regstelsel wat op sy beurt tot misdaadvoorkoming kan lei aangesien daar 'n beter samewerking tussen die onderskeie partye ontwikkel. Besigheid teen misdaad sê in sy 2003 jaarverslag: "Perhaps this explains why no one (not one individual or organization) is equipped to deal alone with the result of victimization."

Herstellende geregtigheid is dus 'n belangrike benadering tot misdaad aangesien die verwagtinge van die slagoffer in die middel van die soeke na oplossings vir misdaad gestel word. Dit verskil totaal van vergeldende geregtigheid waar die slagoffer slegs as getuie gebruik word (DKD-Intranet).

Tweedens word daar gekyk na die rol van die **oortreder** binne herstellende geregtigheid. Die oortreder is die persoon wat die leed aan die slagoffer veroorsaak het en dus speel hierdie persoon 'n baie belangrike rol binne die "herstelproses".

Binne die regsplegingstelsel in Suid-Afrika word daar sterk gefokus op regsaspekte en hoe om straf vir die misdaad te vermy. Daar word nie regtig van die oortreder verwag om te besef watter skade hy aangerig het met die pleeg van misdaad nie. Die oortreder word in baie gevalle gevonnis en na die gevangenis gestuur as straf vir die misdaad wat hy gepleeg het, hy hoef dus niks reg te maak waar hy verkeerd gedoen het nie.

In sekere opsigte kan daar gesê word dat gevangenisstraf 'n ligte vonnis is in teenstelling met die herstellende geregtigheidskonsep waar oortreders direk verantwoordelik gehou word vir die leed wat veroorsaak is aan die slagoffer. Dit kan van die oortreder verwag word om saam met die slagoffer/familie te gaan sit en luister wat sy dade aan hulle gedoen het en dan moet hy van sy kant sê wat hy gaan doen om hierdie "skade" te help herstel.

Tans vervul oortreders 'n passiewe rol, maar binne herstellende geregtigheid word hulle aktiewe deelnemers in die herstelproses. Indien hierdie herstelproses effektief hanteer word, sal rehabilitasie 'n baie beter kans op sukses hê en kan dit oor die langtermyn help om oorbevolking van gevangenisse te verlig, maar nog belangriker, kan dit help om die gemeenskap 'n veiliger plek te maak.

Derdens kom die rol van die **gemeenskap** aan die beurt. Hier moet onthou word dat misdaad in die gemeenskap gepleeg word, die misdadiger uit die gemeenskap kom en dat die oortreder na uitdiening van sy straf, beslis weer in dié gemeenskap geplaas gaan word.

Die gemeenskap se rol binne herstellende geregtigheid kan dié konsep maak of breek. Indien die oortreder en die slagoffer mekaar vind en vergifnis vind plaas, maar die gemeenskap verwerp die oortreder steeds, is die kanse baie goed dat die oortreder weer in misdaad kan veral. Wanneer daar gekyk word na die samestelling van die nuwe Korrektiewe toesig- en Paroolrade is dit verblydend om te sien dat persone uit die gemeenskap sitting sal hê op hierdie rade. Een aspek wat egter nie uit die oog verloor moet word nie is die feit dat hierdie persone vanuit die gemeenskap moet besef dat hulle die gemeenskap verteenwoordig by hierdie sittings. Een van

hulle belangrikste pligte sal wees om die gemeenskap (wat hulle verteenwoordig) ingelig te hou oor die hantering van oortreders na vrylating uit die gevangenis.

In baie gevalle gaan die oorteder en die slagoffer in een gemeenskap moet saam leef nadat hy vrygelaat is, maar die hele gemeenskap sal hom nog ’n kans moet gee alvorens herstellende geregtigheid en misdaadvoorkoming ter sprake kan wees. Praktiese aspekte soos werk en verblyf is in baie gevalle juis die rede vir terugkeer na misdaad. ’n Persoon pleeg ’n misdaad op ’n plaas, word gevonnis en dien sy straf uit. Hierdie persoon bly sy hele lewe lank op dié plaas en het ook daar gewerk. Nou dat hy op parool of onder korrektiewe toesig uitgeplaas kan word, sê die boer eenvoudig dat hy hom nooit weer op sy plaas soek nie. Waar laat dit die oortreder? Sonder werk en sonder verblyf. Vir Korrektiewe Dienste beteken dit meer gevangenes in aanhouding aangesien ’n gevangene sonder steunstelsels nie vrygelaat kan word nie. Dit beteken ook nie net meer oorvol gevangenisse nie, maar Korrektiewe Dienste is verplig om hierdie gevangene op sy vonnisverstrykingsdatum vry te laat. Al die rehabilitasiepogings binne die gevangenis, vergifnis deur die slagoffer en die goeie voorneme van die gevangene kom tot niks wanneer daardie hek oopgesluit word en die gevangene ’n gemeenskap binne-stap wat hom nie wil hê nie. Die uiteinde van hierdie geval is gewoonlik die terugkeer na wat hy ken, misdaad.

Die **Staat** is die vierde rolspeler wat bespreek word. Dit is die Staat wat die hoeveelheid straf moet bepaal na skuldigbevinding van ’n oortreder. Indien ’n hof slegs straf oplê en Korrektiewe Dienste slegs toesien dat hierdie straf uitgedien word, sal daar beslis min kanse bestaan dat enige rehabilitasie sal plaasvind, misdaad voorkom sal word of dat die oortreder werklik verantwoordelik gehou word vir sy dade. Al die rolspelers binne die regsplegingstelsel moet saamwerk om elke oortreder te verbeter tot ’n wetsgehoorsame burger in die gemeenskap. Die inisiatief om die oortreder en die slagoffer/familie byeen te bring, moet kom van die kant van die Staat. Vanaf die hofsaak tot by die ontslag van die gevangene moet die slagoffer betrokke wees by die totale regsproses ten einde reg te laat geskied en misdaadvoorkoming daardeur aan te help.

Vyfdens word gekyk na watter rol die **fasiliteerder** moet speel om herstellende geregtigheid te laat plaasvind. Die enigste kritiek teen herstellende geregtigheid kom

van dié groep persone wat van mening is dat nie alle slagoffers bereid sal wees om die oortreder te vergewe nie. Hulle wil weet wat sal gebeur indien ’n slagoffer instem om die oortreder te ontmoet en tydens hierdie ontmoeting ’n vuurwapen uithaal en die oortreder skiet. Dit is juis om hierdie rede dat dit baie belangrik is dat so ’n ontmoeting nie kan realiseer sonder om eers berading aan beide kante (slagoffer en oortreder) toe te pas nie. Hierdie berading is dan die werk van die fasiliteerder. Hy moet eers afsonderlik met die betrokke partye skakel en eers wanneer hy seker is dat daar vergifnis en berou is, kan ooreen gekom word om ’n ontmoeting te reël waartydens die oortreder en die slagoffer kan praat oor wat gebeur het en hoe hulle van plan is om konsensus te bereik oor die hoeveelheid leed wat aangedoen is en watter stappe geneem kan word om vir die leed te vergoed. Dit is ook baie belangrik dat die regte persone gekies sal word om as fasiliteerders op te tree. Hulle sal ’n deeglike kennis van menslike gedrag moet hê ten einde beide partye behulpsaam te kan wees deur die herstelproses.

Sesdens word die **familie** bespreek as rolspelers binne herstellende geregtigheid. In baie gevalle is die familie van slagoffers, self slagoffers, aangesien hulle ’n geliefde aan die dood moes afstaan in die geval van moord. Families is ook die mense wat werklik sien waardeur ’n slagoffer gaan na die pleeg van ’n misdaad. Die insette van familie is net so belangrik wanneer lengte/hoeveelheid straf bepaal moet word en ook wanneer daar besluit moet word oor die uitplasing van ’n oortreder op korrektiewe toesig, dagparool of parool. ’n Aspek wat egter uit die oog verloor word, is die inset wat die familie van die oortreder kan lewer, veral by besluitneming oor ontslag. Dit is gewoonlik die familie wat ’n ontslaande gevangene sal huisves en versorg en daarom is dit belangrik om ook toe te sien dat die gevangene se steunstelsels in plek is wanneer hy vrygelaat word. Dit kan residivisme bevorder en ook oorbevolking van gevangenisse bekamp.

Laastens word gekyk na die rol van **nie-regeringsorganisasies en vrywilligers.** Een so ’n organisasie is NIMRO. Hulle staan voor die uitdaging om die gemeenskap se denkrigting ten opsigte van herstellende geregtigheid te verander. Die oortreder moet terug aanvaar word in die gemeenskap na vrylating en dit is nie altyd so maklik om te bemeester nie. Die gemeenskap onthou nog die leed wat hierdie persoon die gemeenskap aangedoen het en het geen waarborg dat hy dit nie weer sal doen nie.

Die aanvaardingsproses is dus moeilik en NIMRO maak gebruik van gemeenskapsdiensprogramme om oortreders te laat werk (sonder vergoeding) in die gemeenskap sodat hulle aan die gemeenskap kan “teruggee” en ook ’n sin vir verantwoordelikheid daardeur kan aanleer (www.pmg.org.za).

Die kerk kan ook ’n groot rol speel in die proses van herstel. Dit word baie vanaf ’n kansel gesê dat ons in ’n siek wêreld leef, maar wat doen die Kerk om hierdie siek wêreld “gesond” te maak? Daar word Sondag na Sondag gepreek vir die paar mense wat in die kerk is terwyl die duisende buite die kerk dit nie hoor nie. Daar sal dus uitgegaan moet word na die massa’s en dit is nie die taak van kerkleiers nie, dit is ons elkeen se taak om die “siek wêreld” waarin ons leef, gesond te maak. Koos Gerber (Nexus, Januarie 2002 : 11) sê dan tereg: “This new approach to crime and justice is a strong indication that everyone has a part to play in the curbing and total eradication of crime. Sitting down and doing nothing about the escalating rate of crime in South Africa is a crime in itself. Everyone is therefore encouraged to play an active role in the reduction of crime in our country.”

## 10.4 Voordele wat herstellende geregtigheid vir die verskillende rolspelers inhou

Herstellende geregtigheid sien misdaad as baie meer as net ’n verbreking van die wet, dit spreek ook die leed van die slagoffer aan en bied dus ’n uitkoms vir beide die oortreder en die slagoffer. Een van die grootste voordele van hierdie konsep is dat meer partye as slegs die Staat en die oortreder betrokke is by die herstelproses. Die wyse waarop suksesse bereken word, verskil ook totaal van hoe dit voorheen gedoen is. Die hoeveelheid straf wat toegedien is vir ’n misdaad word gesien as die maatstaf waaraan verdiende loon gemeet kan word. Herstellende geregtigheid bereken eerder die hoeveelheid “herstel” wat plaasgevind het. Die belangrikheid van die gemeenskap in die herstelproses kom ook sterk na vore aangesien dit nie soos voorheen slegs as ’n plig van die Staat beskou kan word nie.

Van Ness en Strong (2002 : 49) sê dat: “Restorative justice focuses on repairing the harm caused by crime and reducing the likelihood of future harm. It does this by encouraging offenders to take responsibility for their actions and for the harm they

have caused, by providing redress for victims and by promoting reintegration of both within the community."

Die voordeel vir die slagoffer lê daarin dat vergoeding/kompensasie en herstel kan plaasvind deur middel van bemiddeling tussen oortreder en slagoffer. Vir die oortreder is die voordeel dat hy beter sal kan inskakel in die gemeenskap na vrylating aangesien hy sy straf uitgedien en die slagoffer vergoed het vir die leed wat aangedoen is. Ook families trek voordeel uit herstellende geregtigheid deur hulle betrokkenheid by die regsproses en die hantering van die oortreder. Berou, vergifnis en vergoeding is aspekte wat herstel kan bewerkstellig en daarom moet alle pogings aangewend word om te verseker dat die verskillende partye mekaar vind. Indien hierdie herstelproses suksesvol is, kan gemeenskappe ook baie baat vind daarby aangesien dit ’n afname in misdaad sal beteken en ook residivisme sal verlaag. Vir Korrektiewe Dienste is daar ook besliste voordele in herstellende geregtigheid. Sodra daar ’n daling in misdaad en residivisme is, word oorbevolking van gevangenisse verlaag en dit kan weer beter rehabilitasie binne die gevangenis beteken wat oorbevolking verder kan verlig. Herstellende geregtigheid kan ook veroorsaak dat gevangenes die waarde van rehabilitasieprogramme sal besef en vrywillig aanbied om by hierdie programme betrek te word. Met die voordele vir die gemeenskap reeds genoem, kan beter gemeenskapbetrokkenheid ook vir Korrektiewe Dienste help om gevangenes so gou as moontlik na die bereiking van minimum aanhoudingsdatums paroolvrylating goed te keur en sodoende oorbevolking te verlig, maar ook om suksesvolle uitplasing (met vaste adres en werk) in die gemeenskap te doen.

Vergoeding vir die slagoffer bly ook een van die vernaamste aspekte binne die herstellende geregtigheidsproses. Dit gee nie net iets terug aan die slagoffer wat van hom weggeneem is tydens misdaadpleging nie, maar dit leer die oortreder om te vergoed vir dit wat hy weggeneem het. Morris (1989 : 118) sê die volgende van vergoeding (restitution): "It gives the offender a change to earn and repay honesty what he stole or destroyed, and a sense of proportion related to his action. Restitution relates what they did to what they must do."

Binne hierdie hele herstelproses word die oortreder geleer dat hy moet besef watter impak sy misdaadpleging op ander mense in die gemeenskap het. Deur projekte soos

gemeenskapsdiens word aan die gemeenskap getoon dat die oortreder berou het oor die misdaad wat hy gepleeg het en bereid is om iets (arbeid) terug te gee aan die gemeenskap. Hierdeur kan die oortreder ’n beter selfbeeld ontwikkel en ook verseker dat die gemeenskap die beeld van oortreders meer positief sal ervaar. Die oortreder sal dus weer tuis voel in ’n gemeenskap wat hom aanvaar en weer deel wil maak van hulle.

Andrew Babeile (Burger, 30 April 2002 : 6) was ’n leerder aan die Hoërskool Vryburg toe hy ’n mede-leerder met ’n skêr in die nek gesteek het nadat ’n woordewisseling ontstaan het tussen wit en swart leerders. Hy is drie jaar gevangenisstraf opgelê vir poging tot moord. Andrew is na agtien maande in die gevangenis op parool vrygelaat en hy sê: “ek wil die hand van my slagoffer skud as ’n gebaar van vriendskap. Leerders moet wegbly van messtekery, misdaad, dwelms en drank. Ek sal aan die voorpunt van versoening staan en elkeen wat teen my is, sal ek vergewe.”

In die Huisgenoot (28 Augustus 2003 : 20) vertel Linda Biehl, moeder van Amy Biehl wie tien jaar gelede wreed vermoor is deur Easy Nomfemela en Ntobeko Peri dat hierdie twee mans berou getoon het oor hul dade en dat hulle nou gebruik word om ander te help. Sy sê sy het hulle vergewe en hul deel gemaak van die Amy Biehl-stigting waar hulle tans wonderlike werk doen. Hierdie stigting was eers daarop gemik om vroue en kinders te bematig, maar deesdae werk hulle ook aan die geestesgesondheid van jong seuns. Me Biehl sê: “Die mans wat vroue gaan mishandel en verkrag, is die seuns van vandag en daarom moet ons na hulle belange omsien.”

Uit bogenoemde bespreking is dit baie duidelik dat herstellende geregtigheid vele voordele inhou vir die misdaadprobleem in Suid-Afrika. Daar bestaan verskeie programme wat aangebied word om herstellende geregtigheid te bewerkstellig en daar word vervolgens gekyk na van hierdie programme.

## 10.5 Programme wat aangebied word binne herstellende geregtigheid

Die twee belangrikste rolspelers binne die herstellende geregtigheidsproses bly die oortreder en die slagoffer. Net soos in die geval van rehabilitasie is die aanbied van

spesifieke programme van uiterste belang aangesien ’n oortreder en slagoffer nie net bymekaar gebring kan word om “dinge” uit te praat nie. Dit is baie belangrik om die konsep van herstellende geregtigheid aan beide partye te verduidelik en dan te wag totdat hulle aandui dat hulle mekaar wil ontmoet om te probeer herstel, dit wat beskadig is. Die programme wat binne herstellende geregtigheid aangebied word, is die volgende;

- slagoffer-oortreder bemiddeling en dialoog,
- familie groepsessies,
- finansiële vergoeding/kompensasie aan slagoffers,
- persoonlike dienste aan slagoffers,
- gemeenskapsdiens,
- geskrewe of mondelingse verskoning aan slagoffers/familie/die gemeenskap, en
- slagoffer-empatie en ondersteuningsgroepe.

Daar sal met die eerste program hierbo volstaan word aangesien die oortreder, die slagoffer, die gemeenskap en die Staat (Korrektiewe Dienste) daaruit kan voordeel trek. Ten opsigte van hierdie program sê Morris (1989 : 119): “Victim-offender reconciliation programs bring victim and offender together in an effort to heal wounds, and bring something constructive for both out of a mutually negative start.”
Slagoffer-oortreder bemiddeling het reeds 35 jaar gelede in Kanada begin (DKD-Opleidingsmateriaal). Hierdie program is ontwikkel om slagoffers en oortreders die kans te bied om mekaar te ontmoet en die misdaad te bespreek vanuit die perspektief van beide partye. Wat egter baie belangrik is, is die feit dat beide partye moet inwillig om deel te neem aan die program. So ’n ontmoeting sal gereël word in ’n veilige plek waar ’n opgeleide bemiddelaar die fasilitering van hierdie proses sal behartig. Baie vooraf werk is egter nodig alvorens so ’n ontmoeting kan plaasvind. Die oortreder sal bv. sy kant van die situasie op skrif plaas of dit kan ook op video opgeneem word. Die geskrewe verslag of video word dan deur die slagoffer bestudeer waarna die slagoffer moet aandui of hy steeds wil voortgaan met die proses. Indien wel, word die ontmoeting gereël deur die bemiddelaar en hy bring dan

die partye bemekaar. Hierdie is die eerste keer waar die slagoffer in ’n posisie is om vir die oortreder te vra waarom hy die misdaad gepleeg het, wat hy daaruit kry en hoe hy voel oor die fisiese, emosionele en finansiële impak wat sy dade op die slagoffer, familie en die gemeenskap gehad het.

Die oortreder kan van sy kant omverskoning vra, berou toon en met die slagoffer ooreenkom oor kompensasie om ’n mate van herstel tussen hulle te bewerkstellig. In die meeste gevalle is dit eers nadat die oortreder met die slagoffer gepraat het wat hy regtig die uitwerking van sy dade besef.


Die navorser het ongeveer ses jaar gelede waargeneem as Voorsitter van die Inrigtingskomitee (nou die Gevallebestuurskomitee) en aan ’n gevangene gevra, “hoekom het jy die mense se TV en videomasjien gesteel en die hele huis omgekrap?” Sy antwoord was, “hulle het mos versekering, hulle eis net weer ’n nuwe TV en videomasjien!” Die beste van alles was dat hierdie slagoffer geen versekering gehad het nie en dus groot finansiële skade gely het. Herstellende geregtigheid was daardie jare nog nie in Suid-Afrika in werking nie en die oortreder is gevonnis tot gevangenisstraf. Nadat hy vrygelaat is, is hy terug in die gemeenskap en weet hy tot vandag-toe nie watter skade hy die slagoffer aangedoen het nie. Die slagoffer is steeds verbitterd oor die voorval terwyl die oortreder onder die indruk is dat die slagoffer nuwe toerusting van die versekering geeïs het. Indien hierdie twee partye byeen kon kom en die waarheid agter die gebeure na vore gekom het, sou die oortreder meer berou gehad het oor wat hy gedoen het en deur kompensasie aan die slagoffer sou hy (die slagoffer) dalk minder verbitterd gewees het. Die oortreder sou ook dalk twee keer gedink het voor hy weer mense se besittings steel.

Ness en Strong (2002 : 57) sê dat: “Mediation offers victims and offenders the opportunity to meet one another with the assistance of a trained mediator to talk about the crime and come to an agreement on steps towards justice. Unlike a court process, these programs seek to empower the participants to resolve their conflict on their own, and in an atmosphere of structured informality.”

Hierdie wisselwerking tussen die verskillende partye vorm die grondslag waarop “heelmaak” en “herstel” gebou kan word. Korrektiewe Dienste kan hierdie konsep met groot vrug gebruik om rehabilitasie binne inrigtingsverband te verbeter en ook

om by vrylating, groter suksesse te behaal met die herinskakeling van gevangenes in die gemeenskap.

Die gemeenskap besef al meer dat gevangesetting baie duur is en dat oorbevolking die rehabilitasiemoontlikhede binne inrigtingsverband bemoeilik. Misdaadvoorkoming moet eerder op die voorgrond geplaas word deur werkloosheid en armoede uit die weg te ruim. Gedurende 1991 is die mense in Minnesota (VSA) gevra of meer geld spandeer moet word aan die bou van meer gevangenisse en of meer geld eerder spandeer moet word aan werkskepping en onderwys. Die terugvoer vanaf die gemeenskap word in figuur 43 aangetoon (Umbreit, 1994 : 11);




FIGUUR 43: Terugvoer van respondente : Minnesota – 1991

Gedurende 1996 is die “National Crime Prevention Strategy” (NCPS) gestig en een van die programme wat deur dié liggaam voorgestel is vir implementering is juis die “Victim-Offender Mediation Programme” (VOMP) waar versoening, vergoeding, aanvaarding, berou en herstel deel vorm van herstellende geregtigheid.

In die Nexus (Volume IV, 2003 : 28) word vertel van ’n rower wat sy slagoffer geskiet het. Die slagoffer sê dat hy en die oortreder nou goeie vriende is. Die oortreder, Jacob, sê: “When I came out of prison after five years I felt that I will always stay imprisoned, unless I spoke to the man whose life I wanted to take and ask for forgiveness.”

In die gevalle waar beide partye inwillig om te ontmoet, moet alles moontlik gedoen word om dit te bewerkstellig ten einde versoening te bring tussen oortreder en slagoffer.

## 10.6 Internasionale en Plaaslike neigings ten opsigte van herstellende geregtigheid

Binne die internasionale arena is daar tekens dat herstellende geregtigheid momentum kry in baie lande regoor die wêreld. In Europa en die VSA het hierdie konsep geweldig gegroei oor die afgelope vyf jaar. Die Verenigde Nasies se handboek oor slagoffers van misdaad meld dat die raamwerk van herstellende geregtigheid die slagoffer, die oortreder en die gemeenskap insluit. Terwyl dit oortreder gerig is, is dit ook slagoffer gesentreerd. Slagoffer-kompensasie het ook baie gewild geword in die ontwikkelende lande.

Die aantal programme wat aangebied word binne herstellende geregtigheid het ook baie uitgebrei. In Europa is daar meer as 500 bemiddelingsprogramme wat aangebied word en in die VSA ongeveer 300 programme. Ook in Kanada is meer as 100 bemiddelingsprogramme gelys.

Gedurende die 2000 kongres van die Verenigde Nasies is ’n resolusie goedgekeur om herstellende geregtigheidsprogramme aan te bied en ook om ’n vergadering te reël waar kundiges kan saam kom om verdere voorstelle te bespreek. Hierdie vergadering het vanaf 29 Oktober tot 1 November 2001 in Ottowa plaasgevind (DKD-Opleidingsmateriaal). Tydens hierdie vergadering is basiese beginsels vasgemaak en voorgelê aan die Verenigde Nasies Kommissie vir goedkeuring.

Wanneer daar egter na die plaaslike situasie gekyk word, is hierdie konsep nie werklik iets nuuts nie. Die volgende aspekte bevat verskeie beginsels wat ook in herstellende geregtigheid voorkom (DKD-Opleidingsmateriaal);

- waarheids- en versoeningskommissie : Tydens die sitting van hierdie kommissie kan slagoffers sê hoe hulle voel oor die dade wat teen hulle en/of hulle geliefdes gepleeg is en die “oortreders” kan ook hulle kant van die verhaal vertel,
- slagofferbemagtigingsprogramme : Die Departement Maatskaplike ontwikkeling bestuur hierdie program wat gemik is op slagofferbetrokkenheid by die regsplegingstelsel. Slagoffers word die fokuspunt by misdaadpleging om sodoende verantwoordelikheid vir misdaad by die oortreder te vestig en ook om beter samewerking van die gemeenskap te kry ten opsigte van die hantering van vrygelate oortreders,
- gemeenskapsdiens : deur gratis werk te lewer vir die gemeenskap wat skade gely het as gevolg van misdaadpleging, kan die oortreder sy “skuld” betaal en ook sy betrokkenheid by die herstelproses bevestig, en
- hantering van jeugdiges : Gedurende 1995 is daar sekere wysigings aan die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 8 van 1959) aangebring en ’n inter-ministriële komitee is aangestel om ondersoek in te stel oor die

transformasie van jeugsentrums waar kinders en jeugdiges aangehou word. Hierdie komitee het voorgestel dat kinders en jeugdiges wat met die gereg gebots het, die volgende programme moet deurloop: konflikhantering, familie- en gemeenskapbetrokkenheid, besluitneming en gemeenskap-gebaseerde programme.

In die die Nexus (November 2002 : 21) is nie-regeringsorganisasies in Kaapstad gevra waarom daar so ’n groot probleem met bendes op die Kaapse vlakte is. Mnr Keith Vermeulen het as segsman vir hierdie organisasies opgetree en gesê dat armoede, werkloosheid en swak gedrag die hoofrede vir hierdie probleem is. Hy het bygevoeg deur te sê dat herstellende geregtigheid wel bewerkstellig kan word en dat slagoffer en oortreder kan hande vat, maar dat die gemeenskap meer betrokke moet raak by die herstelproses en afstand doen van die houding dat vergelding en streng/lang strawwe die enigste wyse is waarop oortreders hanteer moet word.

## 10.7 **Herstellende geregtigheid en oorbevolking**

Herstellende geregtigheid kan residivisme verlaag, maar die programme wat aangebied word kan ook maklik buite die mure van ’n gevangenis aangebied word. Daar is ’n groot aantal oortreders binne ons gevangenisse wat nie werklik daar hoort nie. Hulle skep nie ’n wesenlike gevaar vir die gemeenskap nie, maar vergeldende geregtigheid vereis dat daar geboet moet word vir die misdaad wat gepleeg is.

Herstellende geregtigheid wil nog steeds dat die oortreder sy skuld betaal, maar dit kan effektief buite die gevangenis plaasvind en sodoende oorbevolking verlig. Ness en Strong (2002 : 202) sê ook in die verband: “We suggest that a careful assessment of risk and stakes is likely to identify a significant number of prisoners who could be

safely managed in the community in various community-based restorative programs."

Vir te lank was gevangenes verwyder uit die gemeenskap en "weggesteek" agter die mure van 'n gevangenis waar niemand hulle kan aanraak nie. Vir 'n tydperk is hierdie gevangenes nie gesien in die gemeenskap nie en dan skielik eendag, tot die verbasing van die gemeenskap, en in baie gevalle ook dié van die oortreder, staan hy binne die gemeenskap, met 'n "muur" tussen hom en hierdie gemeenskap wat hom nie regtig wil terug hê nie.

Herstellende geregtigheid wil juis hierdie muur kom afbreek en die verskillende partye byeen bring sodat die kanse op residivisme kan afneem en suksesvolle herinskakeling in die gemeenskap kan toeneem. Dit bly egter 'n vereiste dat kontak tussen die betrokke partye vrywillig moet wees en dat bemiddeling sal plaasvind deur goed opgeleide personeel.

Sarah Henkeman (Track Two, CCR, volume 11 nommer 2 : 1) vra die volgende vrae: "Is it possible for prison authorities and others to engage offenders to the extent that they change their lives around? Is imprisonment really about protecting the community? Does imprisonment of offenders really protect society in the long term?"

Met die nuutste wysigings in die wetgewing ten opsigte van die rol en funksie van die nuwe Korrektiewe toesig- en paroolrade is daar 'n duidelike klemverskuiwing, weg van die tradisionele regsplegingstelsel na 'n meer oop en deursigtige beleid wat meer menswaardig is vir die onderskeie partye betrokke by misdaad. Die persone wat deelneem aan herstellende geregtigheid vind dit bevredigend en kom ook die gestelde kompensasie aan slagoffers beter na.

Die kritici bly egter van mening dat nie alle slagoffers en oortreders tot 'n vergelyk sal kom oor die skade wat aangerig is en nou herstel moet word nie. Dit is beslis ook nie die bedoeling met herstellende geregtigheid nie. Deelname bly vrywillig, maar met die regte inspirasie en deursettingsvermoë kan 'n groot aantal oortreders positief gerehabiliteer word en gemeenskappe meer inskiklik wees om hierdie mense weer op te neem in hul midde.

Hoe meer oortreders hulle verantwoordelikheid teenoor die ander partye binne misdaadpleging besef en hoe meer gemeenskappe die suksesvolle herinskakeling van

gevangenes besef, hoe groter impak sal herstellende geregtigheid op die verligting van oorbevolking in gevangenisse hê.

Dit is nie herstellende geregtigheid wat oorbevolking kan verlig nie, maar die uitwerking daarvan op mense kan veroorsaak dat misdaad daal en herhaling van misdaad deur dieselfde persone afneem. Die effek van herstellende geregtigheid kan vergelyk word met 'n persoon wat tot bekering gekom het. Mense wat deur hulle lewenswyse 'n beeld van sonde en onaanvaarbare gedrag openbaar, verander so dat dit soms moeilik is om te glo dat dit dieselfde persoon is. Met herstellende geregtigheid kan die omwenteling nog groter wees aangesien dit waar gemaak kan word, nie net ten opsigte van die oorteder nie, maar ook ten opsigte van die slagoffer en die gemeenskap.

Daar is dus net een manier om die kritici reg of verkeerd te bewys in Suid-Afrika. Herstellende geregtigheid moet toegepas word en dan sal die praktyk leer of daar werklik voordeel in hierdie konsep steek al dan nie. Die bewyse is reeds daar dat dit in ander lande met groot vrug aangewend word, maar in Suid-Afrika het dit nog nie ten volle tot sy reg gekom nie. Die betrekking van slagoffers en die gemeenskap by die nuwe Korrektiewe toesig- en Paroolrade sal beslis rigtinggewend wees. Die enigte vereiste in die verband is dat Korrektiewe Dienste goeie "bemarking" sal doen van herstellende geregtigheid en dit sal hulle moet doen deur die gemeenskapslede wat sitting het op hierdie rade. Dit is beter dat die gemeenskap dit hoor vanaf die mense wat hulle verteenwoordig as wat Korrektiewe Dienste (die Staat) dit doen. Die geloofwaardigheid van herstellende geregtigheid sal beslis meer gewig dra wanneer dit deur hulle eie mense bemark word. Dit is reeds in hierdie ondersoek gesê dat die oorbevolkingsprobleem in Suid-Afrika ons verplig om alle moontlike pogings aan te wend ten einde minder gevangenes in aanhouding te hê.

Deur net alternatiewe vonnisse te gebruik gaan beslis nie alleen die oorbevolkingsprobleem oplos nie. Daar moet ook voorkomend opgetree word. Misdaadvoorkoming bly immers een van die oogmerke van straf en daarom moet konsepte soos herstellende geregtigheid 'n kans gegun word aangesien dit op die langer termyn ook positief kan bydra tot misdaadvoorkoming en die uiteindelike verligting van oorbevolking binne Suid-Afrikaanse gevangenisse. Die navorser is van mening dat herstellende geregtigheid oor die langer termyn 'n invloed sal hê op

misdaadvoorkoming. Die rede hiervoor spruit uit gesprekke met Korrektiewe Dienste lede wat reeds die “Restorative Justice” kursus deurloop het sowel as gesprekke met die publiek aan wie hierdie konsep verduidelik is. Beide partye is skepties oor die haalbaarheid van bv. ’n ontmoeting deur ’n oorteder wat ’n gru misdaad gepleeg het en die familie van ’n persoon wat gedood is as gevolg van die misdaad. Dit is eers wanneer so ’n ontmoeting ’n lang aanloop gehad het en uiteindelik op iets positiefs uitloop dat mense sal sê, hierdie konsep kan werk. Dit is dan die rede waarom daar begin moet word met die toepassing van herstellende geregtigheid binne die Suid-Afrikaanse regsplegingstelsel om die uitwerking daarvan te kan evalueer/monitor en dan eers met sekerheid te kan sê of hierdie konsep geslaagd is of nie.

Die hantering van kriminele gedrag is baie kompleks en dit is moeilik om dit slegs deur vergeldende geregtigheid reg te stel. Veral in Suid-Afrika is dit baie belangrik om maniere te soek waarop die “wonde” wat veroorsaak is deur misdaadpleging, te help genees. Daar moet geleenthede geskep word waar bemiddeling, dialoog, probleem-oplossing, berou en vergifnis tussen die verskillende partye bewerkstellig kan word ten einde te help met die genesing van wonde.

Korrektiewe Dienste sê in ’n inligtingstuk oor herstellende geregtigheid die volgende: “The Department of Correctional Services is committed to facilitate this process, but it is dependent on the understanding and support of people of the country.” Korrektiewe Dienste se hand moet gesterk word deur alle rolspelers om die wonde van misdaad gesond te maak, ’n beter en veiliger gemeenskap daardeur te bevorder en uiteindelik te verseker dat misdaad afneem en die getal gevangenes in aanhouding ook sal daal.